DEEL 114 | WEEK 27 | 8 JULIE 2022 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# HEILBRON SE KOOPKRAG HET POTENSIAAL




*Foto - ter illustrasie*


Dis amptelik! Heilbron kry 'n Steers en 'n Debonairs. Na 'n lang tyd se bespiegelinge en gerugte het Johan Botha, 'n oudinwoner van Heilbron, die gerugte bevestig.

Johan vertel dat dit lekker is om terug te keer na sy *roots*, wat een van die redes is dat hy dié kitskosrestaurante in Heilbron wil open. Johan en sy gesin is reeds 16 jaar in die bedryf en het talle kitskosrestaurante, waarvan een die Mugg & Bean in Vaal Mall is. Johan gaan aan om te vertel dat hy en sy seun, Lihan Botha die besigheid saam sal bestuur en dat hulle *hands on* eienaars is. Johan beplan om so gou as moontlik met die kitskosrestaurante te begin. Planne is reeds opgetrek en wag hulle net vir die finale uitleg.

Dit sal langs Oj's Meat gebou word waar die ou Prima Motors was. Hulle hoop om die besighede se deure teen die einde van die jaar vir plaaslike inwoners en deurverkeer te open.

Buiten die nuwe kitskosrestaurante kry Heilbron ook een van die dae weer 'n Usave. Die ontwikkeling word langs Absa op die hoek van Els-en Kerkstraat gebou. Daar is reeds begin met die bouwerk en sloping van die bestaande geboue. Mr Price groep het ook die potensiaal van Heilbron raakgesien en besluit om 'n winkel hier oop te maak. Hulle is reeds amptelik in bedryf vanaf 30 Junie vanjaar.

*Op die foto bo: Lihan en Johan Botha*








# Uit die pen: Week 27 van 2022

Die enigste kollegas wat ek toe nou tot dusver ontmoet het, was diegene wat in ons vuilerige kantoorblok sonder toiletsitplekke was. Tyd het aangebreek om my vakkollegas van die provinsie te ontmoet.

Ons gaan na 'n groterige dorp toe vir 'n vakvergadering. Daar ontmoet ek my kollegas en kom agter dat een van hulle destyds my onderwyseres was. Sy maak asof sy my nog kan onthou, maar ek weet mos dat daar seker gesiggies is wat jy eerder gou wil vergeet.

Ons moes 'n hotelkamer deel. Gelukkig is daar twee beddens, redelik ver van mekaar gespasieer. Die kollega neem die eerste aand 'n oormaat skemerkelkies in, en raak baie geselserig. Sy vertel my dat niemand van my hou nie en sy weet glad nie hoe ek deur hierdie paar dae gaan kom nie, want dit lyk vir haar of ek gedoem is. Iewers in die middel van haar tirade, raak sy aan die slaap. Ek wonder lank oor wat sy alles geskinder het, en besluit om haar 'n koue skouer te gee. En as sy aanhou met haar gekonkel, voeg ek sommer 'n warm tong by. 'n Regte buffetete, het hulle altyd gesê: Koue skouer en warm tong.

Die volgende oggend vra sy my hoe ek relatief goeie Engels praat? My aksent is net so goed, meen sy. Was ek dan in 'n Engelse skool? Onthou wat ek gesê het van sekere gesiggies? My reaksie het haar stomgeslaan.

Dalk moet ek hier byvoeg dat Engels sekerlik vir haar nie 'n tweede taal was nie, maar 'n vreemde taal.

"Waar val jy nou uit? Jy het dan vir my skoolgehou by 'n Afrikaanse skool."

Sy was effens stomgeslaan en het rats die onderwerp van bespreking verander.

Met ons terugkeer stop ons by die vulstasie. Sy sê: "Dis darem net genade dat ons elke keer veilig by ons bestemming aankom."

Net 'n kantlynaantekening: vir my is dit nie genade nie. Dalk is dit geluk, ek weet nie. Ek dink dat die deursnee mens die woord "genade" verkeerdelik gebruik. Want as iets met jou gebeur wat genade is, is dit dalk nie genade vir iemand anders nie.

Genade en barmhartigheid, het ek lank reeds by ons predikant geleer, beteken iets anders. Genade is om iets te ontvang wat jy nie verdien nie. Barmhartigheid is om iets nie te kry wat jy eintlik verdien nie. Dink daaroor. En as die Here jou kom haal deur 'n motorongeluk, is dit mos eintlik genade dat jy hemel toe is. Of nie?

Terug by die kollega. Ek vervies my op die daad, want alles wat sy gesê het was deurentyd deurspek met hovaardigheid. En nou is ek klaar daarmee.

"My sussie is op 'n dag dood in 'n motorongeluk. Dus het sy geen genade ontvang nie. Is dit wat jy sê?"

"Nee, nooit, nee, ek sal nie so iets sê nie." Ja, en onthou nou die les, dink ek by myself.

Ek dink sy het geweet sy moenie bodder nie.

Op 'n mooi dag is ons weer saam by 'n vakvergadering. Sy sit aan my regterkant en my slim kollega, wat my beste vriendin geword het, aan my linkerkant. Wanneer daar 'n vraag gevra word, koukus ek en beste vriendin daaroor en gee ons opinie. Die kollega kom agter wat ons doen,

Die volgende vraag word gevra, en die kollega luister sorgvuldig wat ons sê. Sy steek haar hand op en klap haar vingers in die lug soos 'n standerd sessie wat wil kamer verlaat.

"Ek hoor my twee kollegas hier langs my sê…" en sy blaker alles uit wat ons bespreek het. Ek en beste vriendin het van toe af seker gemaak dat ons ver van haar af sit en dat ons elkeen 'n senuweepilletjie gesluk het voordat ons met die vergadering begin.

Met die implementering van die nuwe kurrikulum is die vingerklappende kollega weer saam met ons in dieselfde groepie. Weereens slimmer as 'n boom vol uile. Sy raak allerhande wyshede kwyt en vertel dit asof dit die gospel truth is.

"As jy met 'n vliegtuig oor Kimberley ry, sal jy sien dat daar nie net een groot gat is nie, maar 'n hele klomp. En die Groot Gat van Kimberley is nie die Grootste Gat in Kimberley nie. Daar is baie ander gate wat groter is."

Ek het net in my mou gelag.

Jare later bied ek en 'n paar kollegas 'n werkswinkel aan waarin ons 'n dosent vanaf 'n Universiteit uitgenooi het om die werkswinkel te kom fasiliteer. Die kollega verneem na die naam van die persoon, en verklaar aan almal dat hy haar gevra het om te trou, maar dat sy dit geweier het.

Sy nooi haarself ook toe na die werkswinkel. Iemand het in haar oor gefluister dat die werkswinkel nie vir haar gehou word nie. Met die fasiliteerder se aankoms, vra ons hom uit na die kollega. Nee, gits, hy weet nie wie sy is nie. O, ja, nou onthou hy. Sy moes iewers saam met hom in 'n klas gewees het, maar hy kan nie eers meer onthou watter vak dit was nie.

Ek het net in my mou gelag.

Jare later hoor ek dat haar afdelingshoof met pensioen is. Die onderwysdepartement het glo gesukkel om iemand aan te stel. Volgens vingerklappende kollega wou hulle haar so graag aanstel, maar sy wou nie vir die pos aansoek doen nie.

Ek het net in my mou gelag.

Genadiglik was ek en my beste vriendin nie lank in die kollega se groepie nie, toe ons na 'n ander skoolfase geskuif is. My vorige skoolhoof het vertel dat hy die kollega die skool verbied het. En as sy daarop aandring om na die skool toe te kom, sal sy elke verslag eers aan hom moet voorlê voordat hy enigsins daaraan dink om dit te onderteken. Hy het haar ook, in geen onduidelike taal nie, gemaan om nie enige veranderinge sommer net lukraak aan te bring nie. En, o, ja, hy wil bewys sien dat die veranderinge deur die Departement van Onderwys vereis word.

Tot volgende keer.

# TERUGBLIK

**Heilbron Herald Oktober, 1994**
**Bylae: Ontmoet ons sakelui**



ROOS MEUBILEERDERS

## George kyk nie terug

AS hy jare gelede nie gevra was om te kom hand bysit met die likwidasie van 'n groot sakeonderneming op Heilbron nie, was George Roos dalk nie vandag eienaar van sy eie onderneming, Roos Meubileerders, nie.

George, wat op 14 Mei 1949 op Heilbron gebore is en hier skoolgegaan het, vertel terwyl hy ná skool by die telefoonsentrale in die Poskantoor op Heilbron gewerk het, is hy in 1969 gevra om met die likwidasie van Saamwerk Handelaars te kom hand bysit. Hy het verlof geneem en moes help met die uitverkoping van die voorraad van die winkel.

Die likwidateur van Bloemfontein wat die saak behartig het, het ná die verkoping vir George gesê hy wat George is, het hom baie goed van sy taak gekwyt. Die likwidateur het toe aangebied om vir George 'n getuigskrif te gee waarin hy sê George het baie potensiaal as sakeman.

George sê dié getuigskrif, wat hy vandag nog bewaar, het vir hom baie beteken en hom selfvertroue gegee. Kort daarna het George toe by President Meubels vir werk aansoek gedoen en het sy verbintenis met die meubelbedryf begin. George het elf jaar vir President Meubels gewerk, wat destyds was waar Roos Meubileerders vandag is.

Kort nadat President Meubels na 'n nuwe perseel verskuif het en deur Lewis oorgeneem is, het George in November 1978 Roos Meubileerders se deure oopgemaak. Sedertdien kyk hy nie terug nie.

George se seun en naamgenoot het ook intussen by hom aangesluit en is deesdae sy regterhand in die besigheid.

George sê sy sakebeleid is: "If you look after the pennies the pounds will look after themselves". Vir hom beteken dit dat geen klant se behoefte te klein is om moeite voor te doen nie.

By Roos Meubileerders word 'n wye verskeidenheid meubels, volvloermatte, elektriese huishoudelike toerusting en wapens en ammunisie teen mededingende pryse te koop aangebied.

George se vrou, Wendy, bedryf 'n haarsalon langs Roos Meubileerders.

Behalwe George (jnr), het hulle twee ander kinders, Janelle (17) en Rachelle (10).

Die Roos-gesin woon op 'n kleinhoewe by Heilbron waar George in sy vrye tyd die huis opknap en 'n paar skape aanhou. George is 'n ywerige varswaterhengelaar.

George Roos

Breëstraat 45
Posbus 578
HEILBRON 9650
Tel. (01614) 22860

# LIVING WITH A FAMILY MEMBER WITH MENTAL ILLNESS

*• Heilbron Clinic*

People suffering from mental illness face a number of challenges in the community. Challenges include poor acceptance by families, community members as well as work colleagues, inadequate service needs including housing, jobs, social assistance, education and more.

**What can the family do to support a person with mental illness?**
Empowering the person with mental illness If the person has been admitted, the first and most important role families can play is to keep in touch with their family member whilst he/she is still in hospital. Regular visits must be accompanied with information on the good things happening at home. This will make it easier for the person to take the important step from hospital to home. The person must be encouraged and supported to participate in work related activities and to take decisions. Social situations must be introduced gradually. The person must be helped to achieve a sense of dignity with the highest degree of independence, productivity and satisfaction. Overprotecting and limited involvement may cause feelings of inadequacy and anxiety.

**Trust and respect**
Recognition for acceptable behavior and activities is important in building self esteem and respect. If the person has been admitted, updates on what happened during his/her absence will help. Interactions must be natural and not forced. This will help to remove the feeling of being watched all the time.

**Adjustment of family life**
Adjusting to family life for those who have been in hospital can be daunting for the person. Family members must be patient and help provide a structured routine. Hospitals provide a structured routine in terms of waking time, meals, activities and recreation differ from the family situation. The environment in a healthy facility is often very sheltered, safe but not stimulating for the person. Supportive counseling, self-help support groups and community rehabilitation programs promote recovery and builds self-confidence. Housing and employment services enable some people to develop independent living skills, hold a job and achieve a fulfilling life. Some people living with mental illness may need support for most or all their lives. The family should help the person to achieve a sense of dignity with the highest degree of independence, productivity and satisfaction with life.

**Treatment and follow-up care**
Where a person has been put on treatment, the family members must play an active role on ensuring that the person takes his/her medicine and when it must be taken. It is important for family members to note the treatment may at times cause some behavior that is not expected called "side effects". If this happens, the treatment must not be stopped but the nearest clinic where the person receives follow-up care should be consulted.
Adherence to follow-up dates is very important.

# NASATE VAN KOOS MEIRING





Paul Roos (IT-Argitek), doen navorsing vir 'n boek in verband met die Jack Hindon Medalje. Die medalje was toegeken aan slegs 18 ywerige kommandolede. Onder die lede was Mnr. Barend Jacobus Meiring, beter bekend as Mnr. Koos Meiring.

Koos is in Bultfontein gebore, en het as Heilbron Kommandolid gedien. Hy was ook aktief in die Heilbron Skietkommando in die 1960's & 70's. Koos Meiring het vir 11 jaar as stadsraadslid van Heilbron gedien. Hy het verder diens gedoen as onderburgermeester en voorsitter van finansies.

Indien enige iemand inligting en kontakbesonderhede oor Koos se familie het, kan hulle 'n e-pos aan heraldnuus@heilbron.co.za stuur.

Die skrywer wil bitter graag Koos se verhaal in die boek publiseer.



# NIE VEEL VORDERING BY STORTINGSTERREIN

*Na aanleiding van die berig op 24 Junie in verband met die ongelukkigheid oor die stortingsterrein, het die Heilbron Herald opgevolg oor die vordering van die werkery. Die realiteit van die toestand daar is hoofsaaklik onveranderd. Die munisipaliteit het ŉ kontrakteur gehuur om die terrein in ŉ beter kondisie te kry, maar volgens die Benninks van die aangrensende plaas het die stootskraper vanaf sy aankoms nog net twee dae gewerk en die vullis net plat gestoot. Die res van die tyd staan die stootskraper by ŉ sinkhuis. Mnr Francis Moeketsi, munisipale bestuurder, vertel dat die stootskraper-operateur onlangs in die hospitaal opgeneem is. Hy voeg ook by dat die munisipaliteit die kontrakteurs slegs betaal as die stootskraper en operateur werk en dat die dae wat hy werk aangeteken word.*

# INA SAL GEMIS WORD

Een van Petrus Steyn se bekendste inwoners – Ina Claasen – is Woensdag in die ouderdom van 79 jaar oorlede.

Ina was die afgelope jare in die versorgeenheid van Huis Silwerjare – tehuis vir bejaardes op Petrus Steyn.

Sy was een van die pioniers wat jare gelede Huis Silwerjare oorgeneem het en uitgebou het tot ŉ volwaardige tehuis vir bejaardes wat deesdae voldoen aan die vereistes.

Gemeenskapsdiens was haar passie en sy het vanaf die landbouskou-komitee tot verskeie ander instansies meer as haar gewig ingegooi.

Haar eggenoot – Petrus – het haar sowat 10 jaar gelede ontval. Hulle het jare geboer op hul familieplaas Steilfontein.

Die begrafnisreëlings vind Maandag om 11 uur plaas vanuit die NG Kerk op Petrus Steyn en die teraardebestelling word gehou op die plaas Sunnyside.

Ina word oorleef deur haar drie kinders, Sandra, Johan en Gert, eggenotes en kleinkinders.



*Ina haar geliefde hondjie Trixie.*









# WIE KAN VIR SCOTTY MARAIS HELP?

Scotty Marais, wat jare lank orrelis was van die NG Gemeente Suid, het na aanleiding van die berig wat op 1 Julie verskyn het oor die Hoërskool Volkskool se orkes, 'n versoek gerig. Scotty, wat voor links op die foto verskyn, het navraag gedoen oor die res van die lede in die orkes en waar hulle vandag is. Indien iemand enige inligting het oor die lede, kan Scotty gekontak word of 'n e-pos gestuur word aan die Heilbron Herald. E-Pos: heraldnuus@heilbron.co.za



*Agter vl: G van Rensburg, A Kruger, A Labuschagne, E Scheepers, Mnr VE Lass (Orkesleier), G Scheepers, E Smith, D Bucknall, G van Tonder en J Muller. Voor vl: S Marais, F Schreuder, Mnr Smiles Fourie, N Cillers, L Botha, J Bosman, A Underhay. Heel voor: C Strydom en T Robertson.*




# MODEL BEHAAL UITSONDERLIKE PRESTASIE



**• *Anita Buitendag***

'n Plaaslike model van Model Manifest Akademie te Heilbron, Liza Grobler (17jr.) het op 1 Junie 2022 haar praktiese model eksamen afgelê en is onlangs uitgewys as die beste presteerder ná afloop van die eerste termyn. Tydens die praktiese eksamen gee modelle die loopplanktegnieke weer, wat gedurende klasaanbieding aan hul geleer was deur die verloop van die termyn, onderleiding van Anita Buitendag (Aanbieder/"Teacher") en word streng beoordeel deur Model Manifest SA. Liza het 'n uitsonderlike, algehele puntetoekenning van 85% (internasionale vlak) verwerf vir Diploma 1 en was gekroon as "Best Term Average Model". Liza is 'n pragtige, selfversekerde meisie met soveel natuurlike talent vir modelwerk en het reeds vanaf die heel eerste klas, geweldige potensiaal getoon. Liza gee haar beste met elke klas, werk hard, is pligsgetrou en handhaaf altyd die nodige deursettingsvermoë om te verseker dat sy voldoende aandag gee en belangstelling toon met lesings wat aangebied word, sowel as om álle loopplanktegnieke foutloos en met volle oorgawe, passievol aan te pak en te bemeester. Liza is beslis 'n model wie baie gemaklik groot hoogtes kan bereik. Baie geluk Liza Grobler! Ons as Heilbron gemeenskap se harte swel met groot trots oor jou uitstaande prestasie verwerf en sien verseker uit daarna om ook van jou toekomstige welslae te verneem.

# INTERPROVINSIALE RUGBY TOERNOOI



*Gerrit du Plooy van Hoërskool Heilbron.*




*Op die foto bo Gerrit du Plooy van Hoërskool Heilbron in aksie by die Interprovinsiale Rugbytoernooi. Gerrit se span, Valke 0/12B wen 3-0 teen Luiperds en 10-5 teen Pumas.*

# VKB RUGBYWEEK - PLATTELAND



• Suid-Vrystaat vs Pumas - 17-33.
Speler van die wedstryd Nr. 9
- Corne Lourens (Pumas).
• Sandveld vs Rooikatte - 15-41.
Speler van die wedstryd Nr. 4
- Zander Theron (Rooikatte).
• Luiperds vs Kiewiete - 66-10
Speler van die wedstryd Nr. 10
- HJ Kruger (Luiperds).
• Oos-Vrystaat vs Griekwas - 7-53.
Speler van die wedstryd Nr. 23
- Dino Seekoei (Griekwas).

# DEEM DEEL AAN DIE RHINO WEEK



*Spelers van Hoërskool Heilbron het gedurende die vakansie deelgeneem aan die Rhino Week.*
*Op die foto bo vl: Stean Lategan, Wessel Steyn, Rele Mokoena, Shandee van Wyk, Neno, Demetri Claassen, Joshua van Wyk.*

*Foto regs: JC Potgieter en Marnus Labuschagne.*



# GRIFFONS GEKROON AS WENNERS



*Hanru Nel van Hoërskool Reitz neem deel aan die Griffons 0/14 Plattelandse Rugbyspan en wen die finaal.*

# KENNISGEWING

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

All persons having claims against the under-mentioned esate must lodge it with the Executor concerned within 30 days (or as indicated) from date of publication hereof.
NOTICE LANGUAGE: **English**
PROVINCE: **Free State**
ESTATE NUMBER: **003663/2022**
SURNAME: **Taljaard**
FIRST NAMES: **Jacob Louis Francois**
DATE OF BIRTH: **1925-03-13**
ID NUMBER: **250313 5035 088**
LAST ADDRESS:
**1 De Wet Street, Huis Silwerjare, Petrus Steyn, Free State, 9640**
DATE OF DEATH: **2020-03-02**
MASTER'S OFFICE: **Bloemfontein**
NAME OF EXECUTOR OR AUTHORISED AGENT:
**Jacob Louis Francois Taljaard**
ADDRESS OF EXECUTOR OR AUTHORISED AGENT:
**HERBIE OOSTHUIZEN & ASSOCIATES,**
**71 MONTAGU STREET,**
**MOSSEL BAY, WESTERN CAPE PROVINCE**
Period allowed for lodgement of claims, if other than 30 days.
ADVERTISER NAME:
**HERBIE OOSTHUIZEN & ASSOCIATES**
ADVERTISER ADDRESS:
**71 MONTAGU STREET, MOSSEL BAY, WESTERN CAPE PROVINCE**
ADVERTISER E-MAIL: **magdelene@holaw.co.za**
DATE SUBMITTED: **2022-06-27**
ADVERTISER TELEPHONE: **044 6018700**
FOR PUBLICATION IN THE GOVERNMENT GAZETTE ON: **2022-07-08**

# SUDOKU

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 5 | | | | 8 | 6 | | | 1 |
| | | 2 | 7 | | 1 | 6 | | |
| | 7 | 1 | | | | 2 | 5 | |
| 9 | 1 | | | 2 | | | 7 | |
| 3 | | | 1 | 4 | 5 | | | 6 |
| | 6 | | | 9 | | | 2 | 4 |
| | 5 | 3 | | | | 4 | 6 | |
| | | 8 | 9 | | 3 | 5 | | |
| 2 | | | 5 | 1 | | | | 7 |

SUDUKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.




## COVID-19 OORSIG

| Munisipale Area | Dorp | 29 Junie '22 | 7 Julie '22 |
|---|---|---|---|
| METSIMAHOLO | Sasolburg | 11 396 | 11 400 |
| | Deneysville | 876 | 876 |
| | Oranjeville | 252 | 252 |
| MOQHAKA | Kroonstad | 7816 | 7818 |
| | Viljoenskroon | 1158 | 1159 |
| | Steynsrus | 214 | 214 |
| NGWATHE | Parys | 3207 | 3210 |
| | Heilbron | 1536 | 1536 |
| | Koppies | 1375 | 1375 |
| | Edenville | 213 | 213 |
| | Vredefort | 412 | 412 |
| MAFUBE | Frankfort | 1918 | 1918 |
| | Villiers | 681 | 681 |
| | Cornelia | 179 | 181 |
| | Tweeling | 392 | 392 |
| TOTAAL | | 31 624 | 31 636 |

TE KOOP
JackRussell hondjies
8 Weke oud. R300 (sonder inenting) & R500 (met inenting).
*Kontak Chris Crause*
*076 930 4265*

**POSTNET HEILBRON**
**BESIGHEIDSURE:**
**Maandae - Vrydae:**
08:00 -16:30
**Saterdae:** 09:00 -12:00
***Elsstraat 42 | HEILBRON***
***Tel: 058 853 0006***

BESOEK ONS VIR AL U SKRYFBEHOEFTE-BENODIGDHEDE
Herald Office National

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak
*Hendie Lötter*
by Tel: 058 852 3033
heraldnuus@heilbron.co.za

**Petrus Steyn Internet**



Vinnige Wireless Internet, installasies en diens, beskikbaar in Petrus Steyn en nabygeleë plase.
Kontak ons vir enige navrae of bystand:
071 608 7909
Jonny Wireless Internet

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R





**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

**BLOEDSKENK DATUMS - 2022**




**26 Julie 2022**
**27 September 2022**
**29 November 2022**

# SMALLS

# EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

# TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

**WINKELURE**
**MAANDAE - DONDERDAE:** 07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE**: 08:30 - 13:00
**Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033**

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***




**POSTNET HEILBRON**
**CRIMINAL RECORD CHECKS NOW AVAILABLE AT POSTNET HEILBRON**
**· STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00**
**· PREMIUM - 5 HOURS – R255.00**
**· PRIORITY - 2 HOURS – R395.00**

Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.
PostNet Digital
42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9650
Tel: 058 853 0006
Email: heilbron@postnet.co.za • Website: https://heilbron.postnet.co.za



HERALD Sport



# RIAAN SE TWEEDE NA 10 JAAR

Riaan Schutte, plaaslike sakeman en regsgeleerde van Heilbron, kry dit reg om sy tweede volmaakte gelukshou te speel tydens die Bokkedag op Heilbron. Wat hierdie prestasie meer merkwaardig maak, is dat sy eerste putjie in een ook op die Bokkedag was, 10 jaar gelede. Jou kans om 'n putjie in een te speel is 12500:1 en gholfers wat al dit reg gekry het se kans is net 14% om 'n tweede een te speel.

Die Bokkedag is gewen deur Zaharia Mholo met 39 punte en tweede was Simon Malgas met 38 punte, gevolg deur Stanley Khondlo met 36 punte. Daar was goeie belangstelling vir die dag met 12 pryse op die spel.

Die Boeretreat Classic Gholfdag is die volgende op die kalender en word vanjaar op 5 Augustus aangebied. Daar sal ook 'n mark en sangers wees tydens die groot dag.

Môre is die HBA maandbeker op die spel met vleispryse.

Inskrywings is vanaf 10:30.

*Riaan Schutte verskyn heel regs op foto saam met ander wenners van Heilbron Gholfklub se wenners.*

MATRIEKS!!!
Is jy opsoek na 'n natuurlike middel wat kan help met konsentrasie of om simptome van spanning en angstigheid te verlig??
"Iets wat my sal help om te leer" of "Rustiger maak reg voor die vraestel begin"
Ek help graag

Pharmacy & Clinic
PLATTELAND
Are you starting to experience symptoms like:
hot flashes, night sweating, brain fog, vaginal dryness, impotence, frequent night urination or weak urine flow?
Get the following free tests at Platteland Clinic:
For him: PSA test
For her: Menopause detection
MenopilPlus HOME MENOPAUSE DETECTION KIT
99.2% Accuracy
063 721 4950 087 527 0723

WINKEL-URE
MAANDAE TOT DONDERDAE: 07:30 -17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00
Herald
Office National
Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za

LAPUA / SA JAGTERS 2021
RANDSLAG EN SENTERSLAG UITDAAGSKIET
LAPUA SX BERGER
VUURWAPENS:
Randslag: Enige .22LR kaliber geweer
Senterslag: Enige kaliber geweer
RANDSLAG EN SENTERSLAG TEIKENS:
Randslag: 10 skote op 50m
Senterslag: 5 skote op 100m
MEDALJES:
Junior onder 18
Damens
Mans
50M 100M
GEEN BEPERKING OP DIE AANTAL INSKRYWINGS
Die 2021 tot Januarie 2023 finaliste word in Februarie 2023 aangekondig en sal na die finale kompetisie genooi word
DATUM: 16 July
BAAN: Dasklip (SAJWV Wilgerivier)
INSKRYWING FOOI: R50 per teiken
BESPREKING: Gerrie Greeff 076 962 8916
Gerrit 074 494 5197
Danie 082 974 9382
STRICT COVID-19 HEALTH SAFETY PROTOCOLS WILL BE FOLLOWED

VLEISSENTRAAL
DIE BESTE BOD
BESTUURDER
P.J. Müller 060 966 9340
AFSLAER
Ian Grobbelaar 060 965 6207
Frankfort/Roadside/Cornelia
Corjan de Jager 079 506 8777
Frankfort/Cornelia/Oranjeville/Roadside
Fanie vd Merwe 082 494 3127
Tweeling/Reitz/Petrus Steyn/Frankfort
David Gerber 082 489 7424
Villiers/Cornelia/Grootvlei
Fanie vd Merwe (junior) 061 180 6802
Villiers/Cornelia/Grootvlei
Pula Gillomee 082 788 5338
Heilbron/Edenville/Oranjeville
Hugo Groenewald 082 569 7205
JJ HADEBESTRAAT 97 FRANKFORT (Langs Bright Dienste)

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings
DINSDAG - 12 JULIE 2022
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091
VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160
WOENSDAG - 13 JULIE 2022
REITZ Twee-weeklikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899
WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835
DONDERDAG - 14 JULIE 2022
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ROSENDAL Kwartaallikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
VREDE: OOS-VRYSTAAT VELDRAM KLUBVEILING
60 Ramme
11:00, Vrede veilingskrale
Kontak Jandré Moll 082 307 9169
VRYDAG - 15 JULIE 2022
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049
www.bkb.co.za